SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2014

# EKONOMIE V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **1½ uur**

*IECONA2*

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Beantwoord die vrae in volsinne en die uitleg, inhoud en konteks van jou antwoorde moet in ooreenstemming met die kognitiewe vereistes van die vrae wees.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

6. Lees AL die vrae aandagtig deur.

7. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

8. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 15 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die mees korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 C.

1.1.1 Die afname in bevrediging as gevolg van die addisionele verbruik van ’n produk/diens word na verwys as ...

A dalende nut.
B grensnut.
C oormatige nut.

1.1.2 ’n Toename of afname in hoeveelheid gevra as gevolg van veranderinge in inkome word na verwys as … van vraag.

A prys-elastisiteit
B aanbod-elastisiteit
C inkome-elastisiteit

1.1.3 Een van die volgende frases dui op vraagverhoudings tussen substitute:

A Styging in prys van ’n produk en ’n toename in vraag na die substituutproduk.
B Daling in prys van ’n produk en toename in vraag na die substituutproduk.
C Daling in prys van ’n produk en ’n afname in vraag na die substituutproduk.

1.1.4 Die ekstra koste vir produsering van ’n addisionele eenheid word na verwys as ...

A gemiddelde veranderlike koste.
B veranderlike koste.
C marginale koste.

1.1.5 Een van die volgende is nie ’n effek van armoede nie.

A Hoë bevolkingsgroei
B Verhoogde misdaad aanmeldings
C Oormatige ekonomiese keuses

1.1.6 Toenemende samewerking tussen lande lei tot die vorming van …

A handelsblokke
B boublokke
C bankblokke

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

1.1.7 Een van die volgende is ’n institusie van globalisering

A Umsobomvu jeugfonds
B Internasionale Monetêre Fonds
C Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters

1.1.8 … is een van die oorsake van omgewings agteruitgang.

A Minder $CO_2$ uitlatings
B Beperkte gebruik van natuurlike hulpbronne
C Oormatige verbruik (8 x 2) (16)

1.2 Kies ’n omskrywing uit KOLOM B wat pas by ’n begrip in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Absolute armoede | A fasiliteer internasionale handelsooreenkomste, tarief beleide en beproef intellektuele eiendom |
| 1.2.2 Steekvorming | B prys vermenigvuldig met hoeveelheid |
| 1.2.3 WHO | C reaksie van hoeveelheid gevra van een produk op ’n prysverandering van ’n ander produk |
| 1.2.4 COP 17 | D Europese Unie, BRICS, NAFTA. |
| 1.2.5 Kruis-elastisiteit | E voorkom ’n entrepreneur om sy besigheid te sluit |
| 1.2.6 Normale wins | F mense wat nie in hulle basiese behoeftes kan voorsien nie |
| 1.2.7 Onverwante goedere | G was in Suid-Afrika gehou |
| 1.2.8 Totale inkome | H zero elastisiteit van vraag |
| | I Brasilië |
| | J mense wat redelik in hulle basiese behoeftes kan voorsien |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee die korrekte begrip vir elk van die volgende frases.

1.3.1 ’n Proses waardeur ’n land baie droog raak en dit nie langer oeste en weiding kan volhou nie

1.3.2 ’n Proses waar die ekonomieë van lande meer aan mekaar verbind raak

1.3.3 Persentasie verandering in hoeveelheid aangevra is gelyk aan persentasie verandering in prys

1.3.4 ’n Positiewe verskil tussen totale inkome en totale koste

1.3.5 ’n Situasie wat ontstaan as ’n besigheid sy kostes kan oor hoër vlakke van uitsette verdeel

1.3.6 Ekstra wins wat die eienaar ontvang bo die minimum betaling wat die eienaar vereis om die onderneming in besigheid te hou

(6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 20 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Lys enige TWEE faktore wat die pryselastisiteit van vraag bepaal. (2 x 1) (2)

2.1.2 Verduidelik die wet van *dalende opbrengs*. (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.


| |
|---|
| In Januarie het ’n klein pizza winkel 350 bokse Margherita pizzas en 200 bokse kaas van hul verskaffer ontvang. Hulle verkoop elke boks Margherita pizzas teen R30 en ’n boks kaas teen R35. Die volgende maand (Februarie) het pizza pryse na R42 vir Margherita en R49 vir kaas gestyg. In dieselfde maand (Februarie) verhoog die verskaffer die aantal bokse wat hy verskaf van 350 tot 441 bokse vir Margherita pizzas en van 200 tot 252 bokse kaas. |

2.2.1 Definieer *pryselastisiteit van aanbod*. (2)

2.2.2 Bereken die elastisiteit van aanbod van kaas. (6)

2.2.3 Verduidelik enige uitdaging wat produsente mag ondervind wanneer hulle aanbod oor die korttermyn moet laat toeneem. (1 x 2) (2)

2.3 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




2.3.1 Omskryf komplementêre goedere. (2)

2.3.2 Teken die grafiek vir Produk **Y** oor in jou antwoordeboek en illustreer grafies die uitwerking van 'n toename in die prys (van P0 tot P1) van Produk **X** op die komplementêre Produk **Y**. (6)

2.3.3 Hoekom is dit belangrik vir die produsent om die verhouding tussen komplimente te verstaan? (2)

2.4 Bespreek kortliks enige TWEE eienskappe van nut. (8)

2.5 Verduidelik die belangrikheid van pryselastisiteit van vraag vir produsente. (8)
**[40]**

## VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

**40 PUNTE – 25 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae:

3.1.1 Noem enige TWEE globale aksies om die omgewing te beskerm. (2 x 1) (2)

3.1.2 Verduidelik *absolute voordeel*. (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die onderstaande prentjie en beantwoord die vrae wat volg.



3.2.1 Wat stel die bostaande prentjie voor? (2)

3.2.2 Wat kan die oorsaak wees van die bogenoemde scenario? (2 x 2) (4)

3.2.3 Watter provinsies word die meeste geraak deur die scenario wat in bostaande prentjie voorgestel word? (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou

3.3 Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat volg.



3.3.1 Verduidelik die boodskap wat word in bostaande spotprent weerspieël. (2)

3.3.2 Volgens die spotprent, noem die naam van die vasteland wat in die hande van die kort man is. (2)

3.3.3 Verduidelik kortliks enige TWEE faktore wat tot die bogenoemde scenario bydra. (2 x 3) (6)

3.4 Bespreek kortliks enige TWEE eienskappe van globalisering. (8)

3.5 Ontleed enige VIER maniere wat deur die Suid-Afrikaanse regering gebruik kan word om armoede te verlig. (8)

**[40]**


## VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 20 MINUTE

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE doelwitte van besighede. (2 x 1) (2)

4.1.2 Definieer *eksplisiete koste*. (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




4.2.1 Noem enige TWEE voorbeelde van veranderlike koste. (2)

4.2.2 Verduidelik die vorms van die gemiddelde totale koste (GTK), gemiddelde veranderlike koste (GVK) en marginale koste (MK) (6)

4.2.3 Hoekom is gemiddelde totale koste belangrik? (2)

4.3 Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**BRICS (DURBAN 2013)**

BRICS soos dit wêreldwyd bekend staan, is 'n groep van leidende, ontwakende ekonomieë wat 'n sleutelrol in die wêreldontwikkeling platform speel.

Suid-Afrika se President Jacob Zuma het gasheer gespeel vir die vyfde BRICS Beraad op 27 Maart 2013 in Durban met die tema: "BRICS en Afrika: Vennootskap vir Ontwikkeling, Integrasie en Industrialisasie. "BRICS leiers het hul ondersteuning vir volhoubare infrastruktuurontwikkeling herhaal, sowel as industriële ontwikkeling, werkskepping, vaardigheidsontwikkeling, voedsel en voedingsekuriteit en uitroeiing van armoede en volhoubare ontwikkeling in Afrika. BRICS lande het besluit om die BRICS bank op te rig om infrastruktuur projekte te befonds vir hierdie lande. Alhoewel, lande kon nie daarin geslaag het om konsensus te bereik oor die aanvangskapitaal nie. Sjina wou hê dit moes $100 biljoen wees wat gelykop tussen lidlande verdeel moes word.

[Aangepas: : http://www.gr8ambitionz.com/2013/03/brics-summit-2013- highlights.]

4.3.1 Elke letter in BRICS verteenwoordig 'n land. Benoem hierdie lande. (5)

4.3.2 Wat, dink jy, is die hoofdoel van BRICS? (2)

4.3.3 Wat, volgens die uittreksel, is die ooreenkomste wat in Durban aangegaan het? (3 x 1) (3)

4.4 Onderskei tussen *produkte markte* en *faktor markte*. (8)

4.5 Verduidelik die implikasies van 'nie-prysmededinging' in oligopolieë. (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal as volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding** | Maks. 2 |
| **Inhoud** | |
| **Inhoud**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede/In-diepte bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed (Analiseer)/ Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Verduidelik/ Assesseer/Debatteer | Maks. 26 |
| **Addisionele gedeelte:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/ Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/ Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/ Interpreteer/Debatteer kortliks | Maks. 10 |
| **Slot** | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 35 MINUTE**

Bespreek in detail die kenmerke van ’n volmaakte mark. (26)

Beklemtoon kortliks hoe die volmaakte mark van die monopolistiese mark verskil. (10)
**[40]**

**VRAAG 6: INFLASIE** **40 PUNTE – 35 MINUTE**

*“Die omgewing is ’n waardevolle hulpbron en ons as lede van die gemeenskap het ’n plig om goed daarna om te sien.”*

Verduidelik ten volle die verskeie metodes om die omgewing te beskerm. (26)

Beklemtoon die uitwerking van omgewingsdegradering in ons ekonomie en omgewing. (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou 